

20 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-58
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-38

Die begraafplaas is 'n saailand

Dit is darem twee interessante vrae in vers 35: “Hoe word die dooies opgewek? Watter soort liggame sal hulle hê?”

Hoe word die dooies opgewek? Die antwoord word uiteindelik gegee in vers 45: “Die laaste Adam het die lewendmakende Gees geword” – by sy opstanding het Hy beskikkingsreg oor die lewendmakende Heilige Gees gekry. Die eerste Adam (Gen 2:7) het net 'n lewende wese geword – die laaste Adam (= verteenwoordiger van die mens), Jesus, die lewendmakende Gees! Hy is die Een wat lewe wek. By die skepping het Hy al lewe vir Adam gegee. Hy is dieselfde Lewendmakende Gees en sal dit weer by die laaste trompet wees (vs 52 ev).

Watter soort liggame sal hulle hê? Die antwoord trek saam in vers 49. Ons liggame is nou soos dié van die eerste Adam. Die opstandingsliggaam sal wees soos dié van die laaste Adam ná sy opstanding – die geestelike mens, liggaamlik, maar verheerlik (vs 53; Fil 3:21)!

Soos 'n boer 'n koringkorrel saai, saai ons 'n liggaam. Ons weet egter die koringplant, die opstandingsliggaam, sal opgewek word in heerlijkheid (vs 37, 38). Begrafnis is soos om in 'n koringland te staan in saaityd – met 'n groot opgewonde verwagting! Vir 'n gelowige is 'n begraafplaas nie 'n vullishoop nie, maar 'n saailand!

Sing: Psalm 126:3 (JDdT)

Ds. Chris Hattingh (Randburg)